

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

MUSIEK V2

2018

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 30

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 22 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gehoor (10)
   AFDELING B: Herkenning (12)
   AFDELING C: Vorm (8)

2. VRAAG 1, VRAAG 2, VRAAG 3 en VRAAG 7 is VERPLIGTEND.

3. Beantwoord VRAAG 4 (Westerse Kunsmusiek (WKM)) ÓF VRAAG 5 (JAZZ) ÓF VRAAG 6 (Inheemse Afrika-musiek (IAM)).

4. Skryf AL jou antwoorde op hierdie vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.

5. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl die kandidate na 'n CD luister.

6. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die toesighouer afneem.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Die kandidaat mag NIE hierdie bladsy verwyder NIE.

8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Kandidate moet let op die puntetoekenning van elke vraag om genoeg inligting in hulle antwoorde te verskaf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

INSTRUKSIES VIR DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKAPPARAAT WERK

1. Die instruksies vir die musiekonderwyser verskyn in raampies.

2. Elke musiekuittreksel (snit) moet die getal kere wat in die vraestel gespesifiseer is, gespeel word.

3. Laat genoeg tyd tussen snitte toe sodat kandidate tyd het om te dink en hul antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.

4. Die nommer van die snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.

5. Indien 'n skool meer as een stroom (Westerse Kunsmusiek (WKM)), jazz, Inheemse Afrika-musiek (IAM)) aanbied, moet die volgende riglyne gevolg word:
   - Elke stroom moet die eksamen in 'n aparte lokaal skryf.
   - Elke lokaal moet met geskikte klanktoerusting toegerus wees.
   - Elke lokaal moet sy eie CD met musiekuittreksels hê.
   - 'n Toesighouer moet in elke lokaal teenwoordig wees.

6. Die snitte moet soos volg gespeel word:
   - WKM-kandidate: Snit 1–18 en Snit 30–34
   - JAZZ-kandidate: Snit 1–10, Snit 19–23 en Snit 30–34
   - IAM-kandidate: Snit 1–10 en Snit 24–34

7. 'n CD-speler wat met batterye werk, moet in geval van 'n kragonderbreking beskikbaar wees.

OPSOMMING VAN PUNTE

AFDELING A: GEHOOR	**TOTAAL**
VRAAG 1 (VERPLIGTEND)	4
VRAAG 2 (VERPLIGTEND)	6
SUBTOTAAL	**10**
AFDELING B: HERKENNING	**TOTAAL**
VRAAG 3 (VERPLIGTEND)	4
VRAAG 4 (WKM) **OF**	8
VRAAG 5 (JAZZ) **OF**	8
VRAAG 6 (IAM)	8
SUBTOTAAL	**12**
AFDELING C: VORM	**TOTAAL**
VRAAG 7 (VERPLIGTEND)	8
SUBTOTAAL	**8**
GROOTTOTAAL	**30**

Nota aan die nasiener: Kandidate moet krediet ontvang vir enige korrekte antwoorde wat nie in hierdie nasienriglyne verskaf word nie.

AFDELING A: GEHOOR

VRAAG 1

Speel Snit 1 DRIE keer na mekaar.

1.1 Watter EEN van uittreksel (a), (b) of (c) hieronder stel die solostemparty die beste voor? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Antwoord:

(a)



(b) X



(c)



Korrekte antwoord = 1 punt (1)

Speel Snit 2 TWEE keer direk na mekaar.

1.2 Luister na die melodiese en ritmiese frase. Noteer die ritme van die ontbrekende note in mate 2–3 hieronder.

Speel Snit 2 weer TWEE keer.

Antwoord:



½ punt per noot soos aangedui = 3 punte (3)

[4]

VRAAG 2

Speel Snit 3 EEN keer vir 'n algemene oorsig.

Luister na die uittreksel hieronder. Beantwoord die vrae wat volg.

Antwoordpartituur:



Speel Snit 4 TWEE keer.

2.1 Beskryf die rol van die kitaar in hierdie uittreksel.

Antwoord:

- Akkoordmatige begeleiding
- Harmoniese ondersteuning van die melodie
- Akkoordmatige, homofoniese tekstuur wat die melodie ondersteun

Enige korrekte antwoord = 1 punt (1)

2.2 Die notasie van maat 3 en 4 is by **X** op die partituur weggelaat. Vul die ontbrekende toonhoogtes en nootwaardes in wat ooreenstem met die musiek wat jy hoor.

Antwoord:
Sien partituur

Korrekte toonhoogte en nootwaarde = 1 punt elk
Geen punt vir slegs korrekte toonhoogte of nootwaarde (3)

Speel Snit 5 TWEE keer.

2.3 Noem die komposisietegniek wat by **Y** gebruik word. (Die snit begin in maat 5.)

Antwoord:
- Sekwens
- Ritmiese herhaling

Enige korrekte antwoord = 1 punt (1)

Speel Snit 6 TWEE keer.

2.4 Noem die interval wat tussen die gegewe noot en die ontbrekende noot by **Z** gevorm word. (Die snit begin met 'n opmaat voor maat 21.)

Antwoord:
Rein 4^{de} (Sien partituur)

Korrekte antwoord = 1 punt (1)
[6]

TOTAAL AFDELING A: 10

AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE

VRAAG 3: ALGEMENE BELUISTERING (VERPLIGTEND)

Luister na die volgende uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Nota aan die nasiener: as 'n kandidaat meer as twee items vir 'n vraag invul, moet net die eerste twee nagesien word.

Speel Snit 7 TWEE keer.

3.1 Met watter items in KOLOM A assosieer jy die musiek wat jy in Snit 7 hoor? Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

Antwoord:

KOLOM A	Snit 7
Marimba	
Kontrabasmelodie	**X**
Doriese modus (modale mineur)	**X**
Majeurtoonsoort	
Klavierinleiding	**X**
Orrelinleiding	

Eerste TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

Speel Snit 8 TWEE keer.

3.2 Met watter items in KOLOM A assosieer jy die musiek wat jy hoor in Snit 8? Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

Antwoord:

KOLOM A	Snit 8
Blaserseksie	**X**
Ragtime	
Swing	**X**
Majeurtoonsoort	
Begin met djembe-inleiding	**X**
Begin met vloer-tom-tom	

Eerste TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

Speel Snit 9 en Snit 10 elk TWEE keer.

3.3 Luister na die twee weergawes van *Dona Nobis Pacem* (Snit 9 en Snit 10) en beantwoord die vrae wat volg.

3.3.1 Met watter items in KOLOM A assosieer jy die musiek wat jy in Snit 9 en Snit 10 hoor? Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies vir ELKE snit.

Antwoord:

KOLOM A	Snit 9	Snit 10
Roep en antwoord		
SATB-koor		**X**
Klavierbegeleiding	**X**	
Begin met 'n inleiding	**X**	
Mineurtoonsoort		
Kinderkoor	**X**	
Begin met 'n monofoniese tekstuur		**X**
A cappella		**X**

Eerste TWEE korrekte antwoorde per snit = 2 x 2 = 4 punte (4)

3.3.2 Met watter TWEE genres assosieer jy die twee weergawes van die werk? Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

Antwoord:

~~Koorstuk~~	Kunslied	~~Vokale kanon~~	Gesang	Vokale fuga

Eerste TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

3.3.3 Dui aan of die stellings hieronder WAAR of ONWAAR is. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkies.

		WAAR	ONWAAR
(a)	Beide uitvoerings begin met 'n opmaat.		**X**
(b)	Beide uitvoerings eindig met 'n volmaakte kadens.	**X**	

Korrekte antwoorde = 2 punte (2)

(12 ÷ 3) **[4]**

Beantwoord VRAAG 4 (WKM) ÓF VRAAG 5 (JAZZ) ÓF VRAAG 6 (IAM).

VRAAG 4: WKM

4.1 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 11 TWEE keer.

4.1.1 Uit watter beweging van Beethoven se *Simfonie Nr. 6* kom hierdie uittreksel?

Antwoord:
Eerste beweging

Korrekte antwoord = 1 punt (1)

Speel Snit 12 TWEE keer.

4.1.2 Met watter items in KOLOM A assosieer jy die musiek wat jy in Snit 12 hoor? Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	Snit 12
Trioolfiguur in begeleiding	**X**
Ontwikkeling	**X**
Adagio	
Koda	
Melodiese materiaal van fluit en hobo	**X**
Melodiese materiaal van klarinet en trompet	
Saamgestelde drieslagmaat	
Herhaling van motief in verskillende toonsoorte	**X**

Eerste DRIE korrekte antwoorde = 3 punte (3)

4.1.3 Watter prominente dinamiese kenmerk hoor jy in hierdie uittreksel?

Antwoord:
- 'n Geleidelike crescendo
- Crescendo poco a poco

Enige korrekte antwoord = 1 punt (1)

4.2 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 13 TWEE keer.

4.2.1 Voltooi die tabel hieronder deur 'n beskrywing van ELKE item in Snit 13 te gee.

Antwoord:

ITEM	BESKRYWING
Werk	Hebrides Ouverture van Mendelssohn
Stylperiode	Romantiese periode
Tempo	Allegro moderato
Dinamiek	*p* cresc. *f* decresc.

Korrekte antwoorde = 4 punte (4)

Speel Snit 14 TWEE keer.

4.2.2 Watter EEN van hierdie Italiaanse terme beskryf die stemming van die hele uittreksel die beste?

Antwoord:

Giocoso	~~Espressivo~~	Con fuoco	Smorzando

Korrekte antwoord = 1 punt (1)

4.3 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 15 EEN keer.

4.3.1 Noem die TWEE karakters wat hierdie duet sing.

Antwoord:
- Pamina
- Papageno

TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

Speel Snit 16 TWEE keer.

4.3.2 Watter tipe artikulasie hoor jy in die begeleidingsparty van hierdie uittreksel?

Antwoord:
- Losstaande (ongebinde) akkoorde
- Non-legato akkoorde
- Staccato

Enige EEN korrekte antwoord = 1 punt (1)

Speel Snit 17 TWEE keer.

4.3.3 Benoem die kadens wat jy aan die einde van hierdie uittreksel hoor.

Antwoord:
Onvolmaakte kadens

Korrekte antwoord = 1 punt (1)

4.3.4 Gee 'n toepaslike Italiaanse/Duitse term wat die stemming of karakter van hierdie musiek beskryf.

Antwoord:
- Tranquillo
- Cantabile
- Espressivo
- Ruhig

Enige korrekte antwoord = 1 punt (1)

Speel Snit 18 TWEE keer.

4.3.5 Gee 'n term vir die vokale versiering in die sopraanparty op die enkele woord, 'an'.

Antwoord:
Melisma

Korrekte antwoord = 1 punt (1)

(16 ÷ 2) **[8]**

TOTAAL AFDELING B: 12

OF

VRAAG 5: JAZZ

5.1 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 19 TWEE keer.

5.1.1 Met watter items in KOLOM A assosieer jy die musiek wat jy in Snit 19 hoor? Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

Antwoord:

KOLOM A	Snit 19
Baskitaar- en trom-inleiding	**X**
Pentatoniese toonleer	
Klavier en stem unisoon	**X**
Boogie-woogie	
Sinkopasie	**X**
Kwêla	
Melodiese ostinaat	**X**
Skiffle-agtige maatslag	
Ghoema-maatslag	**X**

Eerste DRIE korrekte antwoorde = 3 punte (3)

Speel Snit 20 EEN keer.

5.1.2 Watter instrument(e) speel die melodie?

Antwoord:
- Saksofoon/Saksofone

Korrekte antwoord = 1 punt (1)

5.1.3 Noem TWEE eienskappe van hierdie melodie.

Antwoord:
- Stapsgewyse/toonleerbeweging in die eerste deel
- Improvisasie in die tweede deel
- Gebruik van versierings

Enige TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

Speel Snit 21 TWEE keer.

5.1.4 Gee EEN of TWEE woord(e) wat die styl van die klavierparty beskryf.

Antwoord:
- Perkussiewe spel
- Akkoordmatige improvisasie
- Aggressiewe spel

Enige korrekte antwoord = 1 punt (1)

5.2 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 22 TWEE keer.

5.2.1 Noem TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars/groepe wat jy met hierdie uittreksel assosieer.

Antwoord:
- Sipho Gumede
- Spirits Rejoice
- Sakhile

Enige TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

5.2.2 Beskryf kortliks die rol van die instrumente hieronder in hierdie uittreksel.

Antwoord:

INSTRUMENT	BESKRYWING
Tromstel	Verskaf ritmiese dryfkrag Verskaf egalige polsslag
Baskitaar	Kort, geïmproviseerde riffs Ostinato/Herhaling
Saksofoon	Melodiese improvisasie Herhalende melodiese motief

DRIE korrekte antwoorde = 3 punte (3)

5.3 Luister na die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 23 TWEE keer.

5.3.1 Voltooi die tabel hieronder deur 'n beskrywing van ELKE item in Snit 23 te gee.

Antwoord:

ITEM	BESKRYWING
Tonaliteit	Majeur/Meestal I – IV – V – I
Stemming	Ontspanne, sorgeloos, matig lewendig
Styl	Kwêla

Korrekte antwoorde = 3 punte (3)

5.3.2 Hierdie melodie word as 'n roep en antwoord gespeel. Noem die instrument wat die roep speel.

Antwoord:
- Saksofoon

Korrekte antwoord = 1 punt (1)

(16 ÷ 2) **[8]**

TOTAAL AFDELING B: 12

OF

VRAAG 6: IAM

6.1 Luister na die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 24 EEN keer.

6.1.1 Identifiseer die musiekstyl in hierdie uittreksel.

Antwoord:
Maskandi

Korrekte antwoord = 1 punt (1)

6.1.2 Gee TWEE redes vir jou antwoord op VRAAG 6.1.1.

Antwoord:
- Inleidende isihlabo
- Isihlabo word gespeel op die konsertina
- Kitaar word gespeel in 'n pluk-styl (ukupika)
- Roep en antwoord tussen die leier en agtergrondsangers
- Izibongo (pryspoësie)

Enige TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

6.1.3 Noem TWEE kunstenaars wat jy met hierdie uittreksel assosieer.

Antwoord:
- Phuzekhemisi
- Shwi Nomtekhala
- Hash 'elimhlophe

Enige TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

6.2 Luister na die uittreksels en beantwoord die vraag wat volg.

Speel Snit 25 en 26 direk na mekaar.

Met watter items in KOLOM A assosieer jy die musiek wat jy in Snit 25 en Snit 26 hoor? Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies vir ELKE snit.

KOLOM A	Snit 25	Snit 126
Aërofone	**X**	**X**
Monofoniese tekstuur		
Sinkopasie	**X**	**X**
Kitaarinleiding		
Dalende melodiese motief	**X**	**X**
Ukuvamba		
Dipoko (Pryspoësie)	**X**	

Eerste TWEE korrekte antwoorde per snit = 2 x 2 = 4 punte (4)

6.3 Luister na die uittreksels en volg die instruksies wat volg.

Speel Snit 27 EEN keer.

6.3.1 Beskryf TWEE kenmerke van die ritmiese materiaal wat in hierdie uittreksel gebruik word.

Antwoord:
- Herhaling van ritmiese patrone
- Matige vinnige ritmiese materiaal word gebruik
- Uitgebreide gebruik van sinkopasie
- Gebruik van tipiese basiese tromspeltegnieke ('flam', 'drag', ens.)
- Saamgestelde tydmaatteken

Enige TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

Speel Snit 28 EEN keer.

6.3.2 Identifiseer die vokale tegniek wat jy in hierdie uittreksel hoor.

Antwoord:
Krepitasie/Uitroepe/Buiging van toonhoogtes

Enige korrekte antwoord = 1 punt (1)

6.3.3 Verduidelik die doel van die vokale tegniek wat in hierdie uittreksel gebruik word.

Antwoord:
- Om opwinding te verhoog
- Om genieting van die uitvoering te wys

Enige korrekte antwoord = 1 punt (1)

6.4 Luister na die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 29 EEN keer.

6.4.1 Identifiseer die musiekstyl in hierdie uittreksel.

Antwoord:
- Isicathamiya

Korrekte antwoord = 1 punt (1)

6.4.2 Gee TWEE redes vir jou antwoord op VRAAG 6.4.1.

Antwoord:

- Mannekoor/Manne-ensemble (TTBB)
- Herhalende, sikliese harmoniese progressies
- Roep en antwoord/oorvleuelende stemme
- Gebruik van krepitasie

Enige TWEE korrekte antwoorde = 2 punte

(2)

(16 ÷ 2) **[8]**

TOTAAL AFDELING B: 12

AFDELING C: VORM

VRAAG 7

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

Speel Snit 30 EEN keer vir 'n algemene oorsig.

Luister na die stuk hieronder terwyl jy die partituur bestudeer.




46
55
63
1.
2.
71
X

Speel weer Snit 30.

7.1 Wat is die oorhoofse vorm van hierdie stuk?

Antwoord:
- Drieledige vorm
- ABA
- Inleiding AABBA

Enige korrekte antwoord = 1 punt (1)

7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.1 deur 'n skematiese uitleg van die vorm te gee. Gebruik die tabel hieronder.

Antwoord:

SEKSIE	MAATNOMMERS	PUNTE
A - ½ (sluit Inleiding in)	1–47 ½	= *1 punt*
B - ½	48–63 ½	= *1 punt*
A ½	64–80 ½	= *1 punt*

OF

SEKSIE	MAATNOMMERS	PUNTE
Inleiding	1–15[1]	
AA - ½	15[2]–47 ½	= *1 punt*
BB ½	47[2]–64 ½	= *1 punt*
A ½	64–80 ½	= *1 punt*

½ punt vir elke korrekte seksie (3 seksies) = 1½ punte
½ punt vir elke korrekte stel maatnommers (3 stelle maatnommers) = 1½ punte (3)

7.3 Noem die toonsoort van hierdie stuk.

Antwoord:
G majeur

Korrekte antwoord = 1 punt (1)

Speel Snit 31 TWEE keer.

7.4 Begin die werk met 'n homofoniese of polifoniese tekstuur?

Antwoord:
Homofonies

Korrekte antwoord = 1 punt (1)

Speel Snit 32 EEN keer.

7.5 Kies die term wat die vokale tegniek in hierdie stuk die beste beskryf. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Antwoord:

Jodelsang	Krepitasie	~~Uitlaste~~	Melisma

Korrekte antwoord = 1 punt (1)

Speel Snit 33 TWEE keer.

7.6 Benoem die kadens aan die einde van die stuk by **X** in mate 78–80. (Die snit begin met die opmaat voor maat 78.)

Antwoord:
Plagale kadens

Korrekte antwoord = 1 punt (1)

Speel Snit 34 EEN keer vir 'n finale oorsig.

TOTAAL AFDELING C: 8
GROOTTOTAAL: 30

Kopiereg voorbehou